# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054
Jagtersvereniging – Reg No. 1300105
Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## NUUSBRIEF 2/2013

### TOEGEWYDE JAGTERS

Soos julle almal weet, is ons aansoek vir akkreditasie as jagters vereniging in 2012 goedgekeur.
Na aanleiding van die akkreditasie vervang ons al ons geregistreerde Toegewyde Jagters se sertifikate met BWAV sertifikate.
Ons doen 'n beroep op die Toegewyde Jagters om julle sertifikate by Fred Earle af te haal te die BWAV kantoor, 4de str. No. 17, Naboomspruit, of tydens die skietdag van 20 April by Masada skietbaan.
Die sertifikate kan nie gepos word nie, jy moet teken vir ontvangs.

### BWAV JAG KOMPETISIE

Ons loots hierdie jaar ons eerste jag kompetisie.

Om almal op gelyke voet te plaas, word aanbeveel dat punte toegeken word vir **skoot-plasing, aantal skote en trofeewaarde**. Dit beteken dat die jagter ten minste saam met iemand jag wat kan bevestig wat daar gebeur het. amper soos in die geval van golf spelers. Gelukkig jag ons manne nooit of bitter min alleen wat dit dus maklik maak

Om aan hierdie kompetisie deel te neem is integriteit, eerlikheid en selfdissipline die spil waarom alles draai. en sal die deelnemer met sy gewete moet saamleef..

In kort gaan dit soos volg werk:

Die jagter skiet 'n bok en soos gewoonlik plaas hy dit in die koelte om later gelaai te word. Maak nie eintlik saak wie dit laai nie maar by slagplek word sy vriend of die plaasboer nader geroep om te kyk (gewoonlik is almal wat die dag gejag het daar en nuuskierig om na die trofee te kyk en natuurlik na die skootplasing) Dis mos maar ons jagters se gewoontes.

Al wat die jagter moet doen is om die volgende aan te teken, Jag adres, Datum gejag, Spesie, Geslag, skoot plasing, Aantal skote.

Meet horing by manlik en weeg karkas met vel aan, kop en pote af en binnegoed uitgehaal by vroulike diere wat nie horings het nie (Diere met horings word gemeet met verskil in die norm). Die gegewens moet by die kantoor ingehandig word vir evaluering en punte toekenning wat soos volg sal werk. Of kop met horings moet saam gebring en by naaste erkende Taksidermis of meet-beampte gemeet word en dit sertifiseer.

| | |
|---|---|
| Breinskoot | 5 punte |
| Hart skoot | 5 punte |
| Nek skoot (murg en been) | 5 punte |
| Long skoot | 4 punte |
| Enige ander skoot | 3 punte |

Let wel as bok met meer as een skoot gedood word tel die swakste skoot.

By diere met horings word Rowland ward lengtes word as norm gebruik. Met ander woorde as die lengte Rowland ward haal tel dit 5 punte en langer of korter word dit pro-rata aangepas.

By vroulike diere met horings, sal die norm effens kleiner wees.

Die volgende norms word voorgestel:

- Koedoebul Noord van die Oranje rivier 53"
- Koedoebul suid van die Oranje rivier 43"
- Koedoekoei noord van Oranje rivier 100kg (kop af by atlas werwel pote by knie elmbooggewrig af, binnegoed uit insluitende die gorrel, niere en endelderm)
- Koedoekoei suid van Oranje rivier 90kg ( dieselfde as bo)
- Rooibok ram 23.8/16 "
- Rooibok ooi 30kg (kop af by atlas werwel, pote by knie, elmbooggewrig af, binnegoed uit insluitende die gorrel, niere en endelderm)
- Blesbok ram 16 8/16"
- Blesbok ooi 14 8/16"
- Springbok ram 13 8/16"
- Springbok ooi 14 8/16"
- Gemsbok bul en koei 40"
- Vlakvark beer 10 2/16"
- Vlakvark sog 8 8/16"
- Vaal ribbok 7 8/16"
- Rooi ribbok 7"
- Rietbok 14"
- Bosbok 15"
- Rooihartbees 23"
- Njala 26"
- Waterbok 28"

- Blouwildebeesbul 28”
- Blouwildebeeskoei 22”
- Swartwildebeesbul 25”
- Swartwildebeeskoei 22”
- Sebra 200kg (kop en pote aan /binnegoed uit)
- Elandbul en koei 32”
- Bosvark beer en sog 6”
- Duiker geel rug 5”
- Duiker suidelike bos 4 12/16”
- Klipspringer 4 4/16”
- Oorbietjie 5 8/16”
- Steenbok 4 8/16”
- Takbok ram 25”
- Takbok ooi 25kg

Die kompetisie sluit 31 Oktober 2013. Alle vorms moet die BWAV kantoor bereik voor of op die 31ste Oktober. Vorms wat laat ingedien word, sal nie in aanmerking vir die kompetisie kom nie. Die vorm word by die nuusbrief aangeheg.

---

**JAG GELEENTHEID TE BUNDé GAME LODGE 2013**

Op ’n lede-vergadering van die lede van Bundé Game Lodge BK is besluit dat die BWAV versoek word om die wild volgens die diskresie van die BWAV te bemark op só ’n wyse dat die BK en die BWAV finansiële voordeel daaruit kan put. Bundé is geleë ± 16 km Noord-Wes van Naboomspruit en is ’n vrygestelde plaas. Bunde beskik oor die volgende:

- 5 Goed toegeruste chalets – verdere akkommodasie word beplan, en ’n lekker kuier lapa en swembad is beskikbaar.
- Die wild word bemark sonder akkommodasie en moet die jagter self reël vir akkommodasie op Bundé – skakel Colleen: 079 7777 572 of e-pos: info@bunde.co.za

  Skakel die BWAV kantoor indien u alternatiewe akkommodasie soek.
- Alle reëls soos neergelê deur die lede van Bundé en die BWAV moet te alle tye stiptelik nagekom word.
- Die jag-periode sal wees vanaf **1/5/2013 – 31/7/2013**, of sodanige ander tyd as wat met die BWAV en Bundé gereël is. Die BWAV en Bundé is egter nie verbind of verplig om jag buite bovermelde tydperk toe te laat nie. Jag sal ook nie gedurende lang naweke of spits “toeriste” periodes geskied nie.
- **Die spesies te jag is soos volg;**

  Rooibokke ± 60

  Blouwildebeeste ± 10

  Koedoes ± 10
- **Pryse is soos volg:**

  Rooibok ooie – R650-00

  Rooibok ramme – R800-00

  Blouwildebees koeie – R2500-00

  Blouwildebees bulle (nie trofee nie) – R3000-00

  Koedoe koei – R2500-00

  Koedoe bul (nie trofee nie) – R4000-00

  Vlakvark – R500-00

  BTW op bogenoemde is ingesluit.

Vir meer inligting spoor dit op in die “Reuk van Kruit” – (te koop by die kantoor) en of skakel die kantoor en vra vir Daleen. Ondersteun u Vereniging en by voorbaat dankie vir u vriendelike samewerking. Die BWAV glo dat sy lede nog ware, eerlike en etiese jagters is.

**Laat slegs jou voetspore en herinneringe na.**

---

## MANDJIEDANS 2013

Die BWAV bied hierdie jaar weer ’n mandjiedans in samewerking met die Magrietjie Kankerhulpgroep Naboomspruit aan.

Die mandjiedans vind plaas op 4 Oktober 2013 om 19h00 te die Stoei saal, Gholfklub, Naboomspruit.

Soos met elke mandjiedans, staan jy die kans om een van die volgende jag-pakkette te wen:

- 1 x Koedoe en 3 x Rooibokke
- 1 x Blouwildebees en 2 x Rooibokke
- 3 x Rooibokke of Blesbokke (soos beskikbaar)

Tydens die dans sal ‘n addisionele trekking gehou word vir ‘n “Door Prize”.

Dit kos jou slegs R50-00 ‘n kaartjie.

Die doel van die mandjiedans is om fondse vir ons vereniging te genereer. ‘n Suksesvolle mandjiedans beteken geen ledegeld verhoging vir 2014. Die Bestuur doen ‘n beroep op elke lid van hierdie vereniging om te help met die verkoop van die kaartjies. Boekies is by die kantoor beskikbaar. Daar is

ook 'n prys, 2 x Rooibokke, vir die persoon wat die meeste kaartjies verkoop.

---

## GESKIEDENIS BROKKIE:

**Colt Manufacturing Company**, is 'n Amerikaanse vuurwapen vervaardiger, waarvan die eerste voorganger, Samuel Colt 'n korporasie gestig het in 1836. Colt is die beste bekend vir die ingenieurswerk, vervaardiging en bemarking van vuurwapens oor die tweede helfte van die 19de en die 20ste eeu. Colt se vroegste ontwerpe het 'n belangrike rol gespeel in die popularisasie van die rewolwer en die verskuiwing weg van vroeër enkel-skoot pistole. Terwyl Sam Colt nie die rewolwer konsep uitgevind het nie, was van sy eerste ontwerpe baie suksesvol.

Die mees bekende Colt produkte sluit in die Colt Walker, Enkel Aksie Army of Peacemaker, en die Colt Python. John Browning het vir 'n tyd by Colt gewerk, en vorendag gekom met 'n ontwerp vir 'n semi-outomatiese pistool, wat sy verskyning maak as die Colt M1900-pistool en uiteindelik ontwikkel in die Colt M1911 pistool. Alhoewel hulle dit nie ontwikkel het nie, was Colt primêr verantwoordelik vir alle AR-15 en M16 geweer produksies, sowel as baie afgeleides van daardie vuurwapens. Die mees suksesvolle en bekendste van hierdie is talle M16 karabyne, asook die Colt Kommando familie, en die M4 karabyn.

---

## JAARPROGRAM 2013

20 April 2013 — **Sportskiet**: jaggewere
**Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaars bring handwapens.

18 Mei 2013 — **Vlakteskiet**, Kompetisieskiet met jaggewere.

17 Augustus 2013 — **Sportskiet**: handwapens, haelgewere, .22, boogskiet, windbukse (kinders)
**Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaars bring haelgewere.

Alle skiet aktiwiteite vind te MASADA SKIETBAAN plaas en begin om 08:30. Tydens kompetisies mag net met jaggewere en nie met skyfskietgewere geskiet word nie. Versamelaars aktiwiteite is van 10:00 tot 11:00. Bring versamelstuk/ke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae met versamelstukke kom skiet

---

## OPGRADERING VAN MASADA SKIETBAAN

Ons is tans besig om herstelwerk aan die skietbaan te doen. Julle sal tydens die skiet van 20 April al die veranderinge sien. Die dak op die 200m skiet punt het aandag nodig. Indien iemand ons kan help met pale sal ons dit waardeer.
Daar sal ongelukkig nie die 20ste verversings te koop wees op die baan nie. Maak asb. Voorsiening.

---

# AMMUNISIEVERENIGING


Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054
Jagtersvereniging –
Reg No: 1300105
Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174

FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com


**JAGKOMPETISIE**

**INSKRYWINGSVORM**

**Datum gejag:** ____________________ **BWAV Lid no.** __________

**Naam van jagter:** ____________________ **Tel no.** __________

**Naam van medejagter:** ____________________ **Tel no.** __________

**Plaas naam waar gejag:** ____________________ **Tel no.** __________

**Naam van Eienaar of Bestuurder:** ____________________

**Naam van persoon wat horinglengte gemeet of bok geweeg het:** ____________________

| Slegs Wilds-boksoorte: Spesie | Manlik/Vroulik | Horing lengte van manlike diere en vroulike diere met horings | Gewig (diere sonder horings, kop en pote af, pens uit) | Skootplasing: (brein, hart, nek long en ander) | Hoeveelheid skote geskiet |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

Handtekening: Jagter

Handtekening: Medejagter

Handtekening: Eienaar / Bestuurder

Kompetisie sluit 31/10/2013, alle vorms van jag moet by die kantoor ingehandig word.